




Dutoit Vruchte – pakprosesse en sisteme

Om as vrugteverpakker op te tree in Dutoit Agri, maak ons staat op die lojale steun van elke Landgoed en is dit belangrik om elke besending vrugte wat ontvang word op die beste moontlike wyse te verpak en te bemark. Uitstaande diens, betroubare inligtingstelsels en goeie pryse vir vrugte is van deurslaggewende belang om suksesvol te wees.

Dutoit Vruchte se mannekrag bestaan uit 'n diverse groep vroue en mans wat in verskillende afdelings werksaam is. In totaal is daar ±1135 loonwerknemers en 54 salariswerknemers. Gedurende Februarie 2017 het Dutoit Vruchte 'n nuwe skofstelsel vir 4 weke op die proef gestel. Dit behels dat die tradisionele dagskof (07:00 – 17:30 Maandag – Donderdag en 07:00 – 14:00 Vrydag) vervang word met 'n A skof (06:00 – 15:00) en 'n B-skof (15:00 – 00:00). Verder het hierdie skofte weekliks ook geruil, waar daar onder die ou bedeling geen ruiling van skofte was nie.

Na die proefperiode was daar oorweldigende ondersteuning vanaf werkers en Bestuur ontvang waarna daar besluit is om, aan die einde van Maart 2017, die skofte permanent in te stel. Die voordele wat die skofte inhou, is soos volg;

- Werkers en bestuurders kry 'n gelyke kans om oggend en middag/aand te werk,
- Spanne kry die geleentheid om naastenby dieselfde ure per seisoen te werk,
- Ondersteuning word aan beide skofte gelewer deur die diensdepartemente (Administratief),
- Die kliniek is toeganklik vir alle werkers, nie net die dagskofwerkers nie,

Almal ontvang verbeterde toegang tot die dorp om hul persoonlike sake buite normale werksure af te handel wat ook 'n produktiewe impak tot gevolg het, omdat meer personeel in die werk is.

Wanneer dit by nuwe ontwikkeling en tegnologie kom, streef Dutoit daarna om aan die voorpunt te bly. Die beste beskikbare sorteertoerusting is in die pakhuis geïnstalleer. Die hart daarvan is 'n Aweta en Greefa elektroniese sorteerder, waar rye vrugte gelyktydig verby 'n stel kameras en skale beweeg.

'n IQS (intelligent quality sorting) sisteem bepaal die eksterne eienskappe van 'n vrug. Die vrug roteer onder die kameras, waartydens daar tot 60 foto's per vrug geneem word. Die sagteware

Uitgawe 29

<u>In hierdie uitgawe:</u>	<u>Bl</u>
Dutoit Vruchte	1
Royal Jan	3

Afdelingsnuus:

Nooitgedacht	4
Sneeuwkop	4
Swartdam	4
Meulrivier	5

Algemeen:

Leierskap en diensbaarheid	5
Bemarking & Tegniek	6
Dutoit Karnaval	7
Aanstelling en Bevorderings	8
Wie is Stephen Hawking?	8

MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

VISIE



Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

KERNWAARDES

Betroubaarheid
Lojaliteit
Oordelikeheid
Menswaardigheid

ontleed hierdie foto's en defekte word geprojekteer op 'n sagteware model, volgens die vrug se graderingstandaarde (volmaaktheid), gemiddelde kleurwaarde (blos en agtergrond kleur), vruggrootte, gewiggradering en kwaliteitmeting.

Die elektroniese sorteerders gebruik hoë-definisie digitale kameras en LED-tegnologie om 'n gegewe parameter van onvolmaaktheid op te spoor, wat die subjektiewe opinie van die menslike oog uitkakel. Dit skep die geleentheid om 'n meer akkurate en konsekwente graderingstandaard te verkry.



Die term 'gehalteversekering' beskryf alle aksies wat uitgevoer word om die graad van kwaliteitsvoldoening van 'n produk te bevestig. Dit word daagliks in alle vervaardigings- en produksiebedrywe uitgevoer om kliënte se tevredenheid te verseker.

Dutoit Vrugte betree 'n nuwe era van gehalteversekering waar daar gefokus gaan word op elke stap in die verpakkingsproses om sodoende ons risiko vir afkeurings by die finale meetpunte (PPECB asook die in-huis finale QC) te verminder. Die mikpunt is om seker te maak dat die produk tydens elke stap in die paklyn voldoen aan al die kwaliteitsvereistes. Die metode sal verhoed dat ons addisionele afkeuringskoste moet aangaan. Ons is in die finale fase om die nuwe benadering goed te keur. In die komende maande sal die nuwe stelsel verfyn word totdat al die punte noukeurig gedek word en daar vertroue van alle rolspelers in die uitkoms is.

Na afloop van die sorteringsprosesse, word die vrugte met die nodige inligting, soos deur die Wet bepaal, in kartonne verpak. In die verlede was hierdie plakkers vooraf gedruk en tydens verpakking was die addisionele inligting daarop met ink gestempel (Fig. 1).

In 2017 het Dutoit Vrugte in 'n stelsel belê waarvolgens hierdie plakkers intyds elektronies gegenereer kan word. Die CMS ('Carton Management System') het dus tot gevolg gehad dat die vermorsing wat gepaard gaan met die vooraf druk van plakkers, stopgesit kon word. Terselfdertyd kon daar ook meer inligting op hierdie plakkers aangebring word (Fig. 2).

Die derde voordeel was dat die aantal vrugte wat 'n individu tydens 'n skof pak, nou gemeet kan word en dat ons 'n nuwe produktiwiteits-meeinstrument tot ons beskikking het.

Die CMS proses behels dat 'n pakker 'n strepieskode plakker met haar unieke werkersnommer asook die unieke pakkabnommer op die kartondeksel plak. Die vol karton skuif dan verby 'n skandeerpunt waar die strepiescodes gelees word en die plakker gegenereer word (Fig.2).




Fig1: Voorafgedrukte kartonplakker



Fig 2: Nuwe CMS plakker



CMS Skandeerder

Die aantal vrugte per verpakking word vooraf binne die CMS stelsel vasgelê, dus word elke karton wat verby die skandeerpunt beweeg se aantal vrugte, teen die naam van die pakker wat dit gepak het, vasgestel. Gedurende die skof kan die bestuurder en werkers, lewendige inligting op groot TV skerms met betrekking tot die beste 15 pakkers vir die skof sien, asook die 15 onderpresteerder pakkers. Die industriestandaard is dat pakkers gemiddeld 7 300 vrugte per skof pak om die nodige deursigbaarheid te benodig word, te verkry. By Dutoit Vrugte is daar 'n wye band waarin daar gepak word, maar daar is al by tye gevind dat individue meer as 20 000 vrugte per skof gepak het!

Tot op hede het die vrugte-industrie deurlopend dieselfde kartonne gebruik vir die verpakking van vrugte, maar met die ontwikkeling van nuwe tegnologie en verbeterde papier sterktes is dit moontlik om nuwe konsepte te oorweeg, wat verskeie voordele inhou.

Gedurende Julie 2017, het Dutoit Vrugte begin met die ontwikkeling van nuwe kartonne wat die lugvloei deur luggate verbeter en die vrugte vinniger verkoel. Na afloop van verskeie ontwerpe wat oorweeg moes word, is die finale uitleg in Maart 2018 goedgekeur. Die verskaffers is tans in die proses om die versterkte kartonne te vervaardig.

Ons is ook baie opgewonde oor die hoë outomatiese produksiemasjien, wat 'n horisontale lyn met behulp van 'n enkel film verpak. Seëlmateriale soos polipropileen, gelamineerde, aluminiumfoelie, papier en polimeer kan gebruik word. Hierdie "Flow Wrap" masjien is gemik op spesiale vrugtemarkte byvoorbeeld ALDI, TESCO en ASDA. Gedurende die produksieproses word die beste gehalte vrugte vanaf die masjien sorteer.



Alhoewel die onderskeie afdelings by Dutoit Vrugte spesialistake verrig, is alle bedrywighede geïntegreer met die doel om ons kliënte die eerste keer, elke keer van wêreldklas kwaliteit vrugte te voorsien.

‘ROYAL JAN’ VERNOEM NA JAN EKSTEEN



Wyle Jan Eksteen, Landgoedbestuurder van Nootgedacht voor Arno Marais, het 'n groot invloed op die ontwikkeling van kersieverbouing gehad. Sy sisteme word gesien as die grondslag waarop ons vandag nog voortbou. Na afloop van jare se toewyding as projekbestuurder op kersies, het Jan en sy vrou Elna, op Onrus afgetree. Jan is op 26 Februarie 2017 oorlede.

Dutoit het in die verlede verskeie Zaiger kersies beproef, waarna hulle onlangs besluit het om met 'n spesifieke kersiereeks voort te bou. Op hierdie stadium was daar nog geen naam aan die kersie toegeken nie. Dutoit het dadelik met Zaiger SA onderhandel om 'n versoek aan Zaiger Genetics te rig om die kersie na wyle Jan Eksteen te vernoem.

Zaiger Genetics LLC in Californië het Dutoit se versoek toegestaan om die betrokke kersie 'Royal Jan' te noem. Hulle kersiereeks was in die verlede hoofsaaklik vernoem na familieleden, met die uitsondering van Royal Jim, vernoem na wyle Dr Jim Button, wat 'n besonderse verhouding met die Zaiger familie gehad het. Dutoit is baie dankbaar dat die versoek goedgekeur is, aangesien die Zaiger-familie nooit vir Jan ontmoet het nie.

Wyle Jan Eksteen was die pionier van ons kersieprojek en dit is vir Dutoit 'n groot voorreg om hom op hierdie manier te vereer. Sy afsterwe was en bly vir ons 'n groot verlies. Elna en haar kinders, asook kleinkinders, is baie trots op die Royal Jan naam.

Die pad vorentoe: Dutoit is besig met semi-kommersiële proewe, met die oog op moontlike kommersialisering. Dutoit se uitkyk op die kersiebedryf: Verbou aantreklike, soet, groot kersies met baie smaak.

Tanith Freeman
3

AFDELINGNUUS

Nooitgedacht



Herman Lensing het, op Inspirasiekos met Sarie, Nooitgedacht besoek om meer oor sprokiesagtige kersies te leer. Hy het 'n kalamari-en-kersie-slaai gemaak en vir nagereg 'n kersie-broodpoeding. Die resepte is beskikbaar op die netwerk onder Cherry Time (S:).

Sneeuwkop



Christine Eksteen, jongste dogter van Freddie en Gerda Eksteen, het uitstekend gevaar in die 2017-Matriekeksamen, met 'n gemiddeld van 85% en 6 A's. Sy is aangewys as die Dux-leerder van Hoërskool Charlie Hofmeyr. Christine was ook die beste Gasvryheidstudiestudent in die Wes-Kaap met 'n persentasie van 94%. Sy was eerste in die land by die Gasvryheidsolimpiade wat in Bloemfontein plaasgevind het.

Christine studeer hierdie jaar Fisioterapie aan die Universiteit van Stellenbosch, en ons wens haar baie sterkte met haar studies toe.

Swartdam



Stephen Cousins, PhD-student van die Stellenbosch Universiteit, het navorsing oor die Renosterveld op Swartdam doen. Die wetenskaplike artikel handel oor die positiewe impak wat brande op die Renosterveld het. Die veldwerk was by die Porseleinberg op Swartdam uitgevoer.

Cousins bedank Dutoit vir hulle ondersteuning om die navorsing op Swartdam te kon doen en vir die hulpbronne wat hul deurlopende voorsien het om alles moontlik te maak.

Meulrivier



Sandhoek, plek van uiterstes, wondere en die ongewone. In die verlede was daar verskeie abnormale gebeure op Sandhoek, byvoorbeeld: oorstromings wat damwalle breek, sneeu tot 20cm diep, brande wat weke lank woed, landskuiwe sowat 0.75ha in oppervlak en 'n buffel wat in die boorde gevind was.

Die mees onlangse verskynsel was 'n enkelry bome in 'n derdeblad Aztec-boord, wat van bo-tot-onder baie erge vertraagde bot getoon het. Na afloop van verdere inspeksie het ons besef dat die weerlig die ry raak geslaan het. Die draade het die elektrisiteit van 1 weerligstraal gelei en met die gevolg is 116 bome dood geskok. Die boonste draad van die opleistelsel is afgesmelt. Die pale is gesplinter, in meer of mindere mate, maar sowaar die hele lengte van die ry. Die bome het nekrotiese letsels onder die draade. Van al die konsultante, het slegs Bekker Wessels so 'n verskynsel vantevore in 'n wingerd gesien.

Gert en Antonie

WAARDES

Leierskap en diensbaarheid in aksie

'n Oop Brief aan Dutoit se Bewaarskool en Nasorg-personeel.

Volgens John Maxwell is elkeen van ons 'n leier wat duisende mense deur die loop van ons lewe beïnvloed. Niemand van ons kan vandag sê dat ons net 'n volgeling is nie. Ons word deur mense beïnvloed en mense word deur ons beïnvloed.

'n Pa en Ma se optrede teenoor hul kinders speel 'n deurslaggewende rol in die tipe grootmens wat die kind gaan word. Die spanlid binne werkverband se gesindheid, manier van praat en lewensuitkyk beïnvloed die gees en gesindheid in die hele span. 'n Bestuurder wat mense kan inspireer in plaas van net opdragte uitdeel en uitkomst meet, het 'n veel groter invloed om by te dra tot mense se produktiwiteit en die gees en gesindheid as die een wat nie inspireer nie.

Wanneer 'n baba gebore word, is hy 'n klein ontvanklike wese wie se karakter en persoonlikheid gevorm word deur die mense rondom hom. Dit word ten beste geïllustreer deur die volgende bekende woorde:

As 'n kind met kritiek saamleef, leer hy om te veroordeel...

As 'n kind met vyandigheid te kampe het, leer hy baklei...

As 'n kind met bespotting moet saamleef, leer hy om skaam te wees...

As 'n kind met skande moet saamleef, leer hy skuldig voel...

Maar As 'n kind verdraagsaamheid ervaar, leer hy om geduldig te wees...

As 'n kind aanmoediging ervaar, leer hy selfvertroue...

As 'n kind geprys word, leer hy om waarderend te wees...

As 'n kind billik behandel word, leer hy sin vir geregtigheid...

As 'n kind goedkeuring ervaar, leer hy om van homself te hou...

As 'n kind met aanvaarding en liefde omring word, leer hy om lief te hê!

Met die oog op bogenoemde woorde, wil ek vandag fokus op 'n baie spesiale kategorie van mense binne Dutoit : Bewaarskoolpersoneel en ons nasorgjuffrouens, asook mense wat op vrywillige basis met die jeug werk of wat jeuggroepe aanbied.

Ek weet nie of julle aldag besef hoe belangrik julle taak is en watter invloed julle uitoefen nie. Vir die babas is julle die persone wat bedags na hulle kyk en hulle koester met liefde en ook vir hulle fisiese behoeftes sorg. Dit is julle stimulasie wat 'n belangrike rol speel in hulle ontwikkeling. Die kleuters kyk na julle en sien 'n rolmodel. Ouers moet dikwels uit die mond van 'n bekkige kleuter hoor dat Pappa of Mamma verkeerd is, want "Juffrou het sus en só gesê." Die nasorgjuffrou is die persoon wat kinders na skool help met hulle huiswerk en ander moontlike behoeftes. As personeel is julle elke dag besig om saadjies te saai in kindergemoedere. Die saadjies ontkiem nie altyd dadelik nie, maar oor tyd en eendag gaan die kind dit met deernis onthou..... mits jy vir hom daai tweede moederfiguur was.



Hiermee wil ek glad nie die rol van ouers onderspeel nie. Ouers is besig om die fondasie vir kinders se ontwikkeling te lê. Maar ouers is nie 24 uur van die dag beskikbaar vir hierdie taak nie, want ouers moet werk om brood op die tafel te sit. Daarom is julle die belangrikste vennote van ouers om hulle kinders se karakters te help vorm.

Dit is diensbare leierskap in aksie! Daarom wil ons in hierdie jaar waarin ons sentrale waardestema “Diensbaarheid!” is, spesiaal dankie sê vir ‘n moeisame taak. Onthou altyd dat julle nie die vrugte daarvan onmiddellik sal sien nie en dat alle kinders ook nie eendag vir jou gaan kom dankie sê nie, maar jy is besig om ‘n belangrike werk in die Koninkryk te doen. Doen dit elke dag met liefde en soos vir God.

Mariette le Roux



Aiden Baron, seun van Charmaine Baron, is een van Dutoit se leningstudente, wat ‘n absolute rolmodel is! Aiden was van skooldae af ‘n goeie presteerder, sy onderwysers het die potensiaal in hom raakgesien en hom voortdurend aangemoedig. Hy het gedurende die afloep 4 jaar op kollege 10 onderskeiding ontvang.

Aiden het ‘n pos by Soetendal Primêr net buite Wellington gekry. Dutoit wens vir Aiden baie geluk toe, ons glo dat hy ‘n verskil sal maak waar hy gaan.

Uittreksel uit Aiden se bedankingsbrief aan Dutoit Agri: “Met hierdie geleentheid wil ek studente/leerders aanmoedig: Moenie vaskyk teen jou omstandighede nie, gebruik dit as dryfkrag om ‘n lewe met beter omstandighede vir jouself te ontwikkel. Maak van jou lewe ‘n sukses en voel trots op jouself. Moet nie jou lewe weggooi nie. Soms gaan dit voel of dinge te veel raak, maar die belangrikste is om in God te vertrou en te weet dat jou makelaar 24h beskikbaar is. Roep na Hom en Hy sal antwoord. Maak jou ouers trots en maak jouself trots. Met Dutoit aan jou sy en jy wat jou beste lewer kan jy net hoër hoogtes bereik. Baie dankie aan die Dutoit Direksie, U hulp het my voorwaar gehelp om my droom te bewaarheid.”

BEMARKING & TEGNIES



Fruit Logistica, waartydens ongeveer 70 000 afgevaardigdes die skou besoek, vind jaarliks plaas. Die Dutoit span het hierdie jaar bestaan uit (v.l.n.r) Gysbert du Toit, Emile Marais, Willem Coetzee en Louis du Toit. Hulle het ongeveer 27 kliënte (bestaande en potensieel) gedurende hul besoek ontmoet asook die geleentheid gebruik om nuwe tegnologie te ondersoek en om internasionale netwerke te bou. Ons is opgewonde oor die bemarkingsjaar wat voorlê, veral gesien teen die verwagte beter produk aanvraag as gevolg van ‘n leër Europese mark!

Willem Coetzee 6



Pick 'n Pay het onlangs 'n sertifikaat toegeken aan die Cherry Time™ bemarkingspan vir hul toewyding en effektiewe bydrae in die ondersteuning van Pick 'n Pay. Welgedaan!



Ronald Vermeulen, Nederlandse konsultant van Kanzi, het onlangs 'n besoek afgelê aan Suid Afrika. Ronald se besoek was daarop gefokus om ons bestaande produksiepraktyke te evalueer. Tydens sy besoek aan die Langkloof het Ronald die belangrikheid van vernuwingsnoei uitgewys as 'n metode om Kanzi volhoubaar te produseer. Daar was ook nuwe aanplantings in die Witzenberg besoek om jongboommanipulasie te bespreek. Dit is uiters belangrik om die regte boom te vorm om sodoende kleurontwikkeling op die appel te bevorder.

Willie Kotze

SPORT



WEES DEEL VAN DIE GEES EN
ONDERSTEUN JULLE SPANNE BY DIE

DUTOIT KARNAVAL

5 MEI 2018

SOKKER / RUGBY / NETBAL / DOMINO'S / TOUTREK
KOOR / DANS / SANG / MNR & ME KARNAVAL

HEERLIKE KOS, KOELDRANKE EN LEKKERNYE
SAL BY VERSKEIE STALLETJIES TE KOOP WEES






DUTOIT BUFFS (BEPERKTE VOORRAAD) TE KOOP



FACEBOOK: @DUTOITAGRI

Dutoit Agri moedig alle salarispersoneel aan om deel wees van die Karnaval gees! Skryf nou jul spanne in vir die troutrekkompetisie. Bestuur gaan ook 'n entoesiastiese sokkerspan inskryf, moenie die wedstryd misloop nie. Kontak Runei Kotze vir meer inligting - runeik@dutoit.com.

AANSTELLINGS & BEVORDERINGS



Aanstellings - Nalise de Wet: Rekening Klerk - Dutoit Produksie Wes-Kaap Finansies. **Adél Ras:** Persoonlike Assistent / Admin Beampte - Hoofkantoor. **Neil de Wet:** Werkplekervaring -Tegnies. **Elizna Havenga:** Loondame - Dutoit Vrugte Verpakking. **Ricardo Hanse:** Lynbestuur - Dutoit Vrugte. **Francois Nieuwenhuis:** Verpakkingsbestuurder - Dutoit Vrugte. **Petru Wiese:** Projekbestuurder - Apieskraalkwekery : Oos-Kaap.



Bevorderings / Oorplatings- Celesté Reitz: Assistent Rekenmeester - Bemarking. **Danica v d Heever:** QX-Koördineerder - IT-afdeling. **Johanné Viviers:** Debiteure Uitvoere - Bemarking Loondame. **Aubrey Croeser:** Jnr Produksiebestuurder -Lindeshof. **Kerneels Pedro:** Jnr Produksiebestuurder - Lindeshof. **Gerrit du Plessis:** Jnr Produksiebestuurder - Paardekloof. **Siyanda Mtini:** Jnr Produksiebestuurder - Vastrap. **Kobus Krieger:** Bestuurder GMH's en Verkoeling - Dutoit Vrugte. **Almary Cedras:** Jnr Lynbestuurder - Dutoit Vrugte. **Johannes Muller:** Jnr Lynbestuurder - Dutoit Vrugte. **June Smith:** Jnr Lynbestuurder - Dutoit Vrugte. **Johan Manuel:** Jnr Pakhuisbestuurder - Dutoit Vrugte. **Nico Engelbrecht:** Jnr Lynbestuurder - Dutoit Vrugte

"Onthou om na die sterre te kyk en nie na jou voete nie. Probeer sin maak uit wat jy sien en wonder oor wat die heelal laat bestaan. Wees nuuskierig. En hoe moeilik die lewe ook al mag voorkom, daar is altyd iets wat jy kan doen en iets waarmee jy sukses kan behaal. Dat jy nie net opgee nie, maak saak."
Stephen Hawking

WIE IS STEPHEN HAWKING?

Prof Hawking was wel aan sy rolstoel gekluister, maar sy kop was heeltid in die wolke terwyl hy die raaisels van die heelal probeer ontrafel het. "My doelwit is eenvoudig. Dit is 'n totale begrip van die heelal, hoekom dit is soos dit is en hoekom dit enigsins bestaan," het hy sy lewenswerk uitgestippel. Die veelbekroonde Hawking (76), wat veral bekend was om sy navorsing oor gravitasiekolke in die ruimte, is op 14 Maart 2018 oorlede. Min wetenskaplikes behaal rock-ster-status, maar Hawking was danksy sy goeie humorsin en aansien onder die publiek een van bekendste en inspirerende wetenskaplikes tot op hede.

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na runeik@dutoit.com Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Margot Rossouw. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nootgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

Redaksionele beleid: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die ooreweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

Bly altyd op hoogte van die nuutste Dutoit Agri nuus: www.dutoitagri.co.za / FB: @DutoitAgri / Instagram: @Dutoit_Agri 8